



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2015

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## NASIENRIGLYNE

1. As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**
2. As ’n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As ’n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ’n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. *Literêre opstel*
   As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die memorandum is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.
8. *Kontekstuele vrae*
   As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **Simbole:** | VR | Vernuf |
|---|---|---|
| | E | Eiewaan |
| | VW | Verganklike wese |

Die kandidaat verskaf ’n gepaste inleiding.

- Reeds in die titel word die leser deur die woord *skedel* met die mens se verganklikheid gekonfronteer.
- Met die woorde, *sal ek, weet ek* (versreël 1) word die sekerheid beklemtoon dat die mens nie seldsaam is nie, maar in die toekoms met die dood gekonfronteer sal word. Sy/Haar eiewaan is dus onvanpas.
- Die spreker noem dat die mens nie belangrik genoeg is om in die glaskas van ’n museum uitgestal te word soos mevrou Ples en die bloubok nie, maar dat die enigste wat van die mens behoue sal bly, sy/haar sin vir humor is, bv. versreël 2–3: *Minstens my sin vir humor sal ek behou.*
- Ten spyte van die mens se onbelangrikheid wat in strofe 1 aangedui word, beskik die mens tog oor kennis, krag/vernuf om te bou en te ontgin – dus is die mens in ’n sekere mate seldsaam/kan oor ’n mate van eiewaan beskik.
- Die mens dink hy/sy is slim, want hy/sy gaan vernuftig met tyd om, bv. versreël 8–9: *hoe slim tog is ons met ons innerlike uurwerkvernuf*
- Die mens se prestasies word satiries as *grabbelend* beskryf, dus word die navorsing nie as weldeurdag beskou nie, bv. versreël 13: *grabbelende navorsing*.
- Een van die prestasies van die mens is om geboue op te rig, maar hy/sy is grootdoenerig in sy/haar dade, bv. versreël 9–10: *hoe sterk die groot swaaiende hyskraangebare*
- Die geboue wat neergeplak word, dui op die grootheidswaan van die mens in sy/haar prestasies, bv. versreël 11–12: *waarmee ons wolkekrabbers reghoekig neerplak*
- Die navorsing wat gedoen word, word spottenderwys as merkwaardig beskou, bv. versreël 13: *Merkwaardig ons grabbelende navorsing*
- Die wyse waarop die mens delf, kan aan die een kant beteken dat die mens in staat is om diep na delfstowwe te soek, terwyl dit ook op sy/haar hebsug kan dui, bv. versreël 14–15: *om ons arms diep soos skagte te sink*.
- Dit is merkwaardig dat die mens diep in die aarde kan delf en erts tot metaal kan veredel, bv. versreël 16–17: *te vergruis en te veredel.*
- Die mens is slim genoeg om oordadige geld te belê, bv. versreël 17–18: *staaf op staaf korfagtig gepakte kluise van belegging.*
- Die mens is vol van sy eiewaan, bv. versreël 18: *A ja, ...*
- Die mens beskik oor die wonderbaarlike vermoë om uraan te verryk, bv. versreël 19–20: *wonderbaarlik is ons vermoë om weggooisand tot vuurstof te verryk*
- Dieselfde wonderbaarlike vermoë waaroor die mens beskik om uraan te verryk, kan ook daartoe lei dat die mens alles wat bestaan, kan vernietig, bv. versreël 21–22: *alles onherhaalbaar in allerlaaste oplaaiing woes en skoon laat ontbrand*
- Met die laaste twee versreëls, wat ’n herhaling van die titel is, word beklemtoon dat die mens ’n verganklike wese is, bv. versreël 23–24: *Ek sê mos die skedel lag al huil en huil die gesig*.
- Die woorde *huil en huil* in die slotstrofe van die gedig beklemtoon dat die mens ’n droewige, patetiese wese is.

Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste slot.

**10**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**
**'n tipe epistemologie van water – Breyten Breytenbach**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Die verwagting is dat die gedig oor water/iets wat met water verband hou, sal handel. √<br><br>Ja<br>Die inhoud handel oor baie reën wat val./Kennis/inligting gaan in die daaropvolgende versreëls aan die leser oorgedra word oor wat tydens 'n vloed gebeur. √<br><br>*"Nee" kan nie as antwoord aangebied word nie.*<br>*Indien "Ja" nie in die antwoord voorkom nie, moet die ja* ***duidelik*** *in die antwoord geïmpliseer word.* | 1<br><br><br>1 |
| 2.2 | Ja<br>Die woord pas by die kragtige werking van die weerlig wat lyk asof die wolke in stroke geskeur is. √<br><br>OF<br><br>Nee<br>Die woord "skeur" word meer algemeen gebruik./is meer verstaanbaar. √<br><br>*Die kandidaat gee sy/haar eie gepaste antwoord.*<br>*Slegs die motivering verdien die punt.*<br>*Indien "Ja"/"Nee"nie in die antwoord voorkom nie, moet die ja/nee* ***duidelik*** *in die antwoord geïmpliseer word.* | 1 |
| 2.3 | Personifikasie √<br><br>Tydens 'n vloed kan die wind baie skade aanrig wat kan lyk asof die wind woedend is. √<br><br>*Daar kan EEN of TWEE punte aan die kandidaat toegeken word.* | 1<br><br>1 |
| 2.4 | 'n Vrye vers is nie gestruktureerd nie, dit pas by die gevolge/chaos van 'n vloed wat nie 'n vaste patroon/struktuur volg nie./wat vaste strukture vernietig./Net soos 'n vrye vers het 'n vloed nie struktuur nie/kan chaoties wees. √ | 1 |
| 2.5 | Die woorde *weer en weer en weer* √ | 1 |
| 2.6 | Sin 1:Die gietende **reën** val **skuins**./gaan met 'n **wind** gepaard. √<br>Sin 2: Die omgewing is oorspoel./mens en dier **vlug** na hoogtes vir **veiligheid**./**uitwerking** van die weerlig op die natuur. √<br>Sin 3: Die **gevolge** van die vloed/voorwerpe wat dryf/**mense** wat in nood verkeer/**lyke** van die verdrinktes word beskryf. √ | 3 |
| | | **10** |

**OF**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**
**Nuus uit die binneland – Peter Blum**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Alliterasie/d-alliterasie √<br><br>*Die kandidaat moet noem, nie woorde neerskryf en onderstreep nie.* | 1 |
| 3.2 | Dit beklemtoon dat hy in die volgende versreël droom/herinneringe oproep./dat die spreker terugdink. √ | 1 |
| 3.3 | *ontstoke harte* √ | 1 |
| 3.4 | *Maar* √<br><br>*(alle mure) wat ons opstapel/met doel en plan/weet ons op watter vasteland ons boer* √ | 1<br><br>1 |
| 3.5 | Die uitsteltegniek skep afwagting/spanning. √<br><br>Die titel sluit by die uitsteltegniek aan want die leser wil verder lees om uit te vind wat die nuus is. √<br><br>Die herhaling beklemtoon dat jy weet jy is in Afrika./die spanning/afwagting wat verbreek word./die antwoord wat gegee word. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 3.6 | Afrika anders is as Europa.<br>Hy skets vir Opperman die sagtheid van Europa./die hardheid van die natuur/samelewing in Afrika.<br>Hy sê vir Opperman dat hy in Afrika hoort./woon./van Afrika is.<br>Hy deel sy siening van Afrika aan Opperman. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **10** |

**OF**

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**
**Busrit in die aand – Elisabeth Eybers**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Tersine √ | 1 |
| 4.2 | Alliterasie/s-alliterasie/m-alliterasie √<br><br>Die (s-) alliterasie hef die mens wat suf vir sy geroetineerde bestaan/dof van gees is, uit./Die (m-) alliterasie hef die mens wat sy mond in moegheid sluit/moeg vir sy werk is/'n geroetineerde bestaan voer/stroef is, uit. √ | 1<br><br>1 |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 4.3 | Vergelyking<br><br>Die straatligte wat op die pad skyn, lyk soos die maanlig wat ligstrepe op 'n dam gooi.<br><br>Dit dui op die oorspronklikheid/raakpunte wat in die weerkaatsing van die maan op die dam en die straatligte raakgesien word./van die natuurbeeld./ terugverlang na die platteland./na 'n rustiger bestaan.<br><br>OF<br><br>Metafoor<br><br>Die ligte ("ligvaandels") lyk soos vlae/baniere langs die straat.<br><br>Die beeld is geslaagd aangesien die ligte nes vlae lyk wanneer dit op die straatoppervlak skyn.<br><br>OF<br><br>Metafoor √<br><br>Die maanlig wat op die water skyn, lyk soos 'n pad. √<br><br>Die beeld is geslaagd aangesien die wit maanlig werklik soos 'n pad op die donker wateroppervlak van die dam, lyk. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 4.4 | Ja<br>Die woord sluit by die beelde (*kapers/buit*) wat in die res van die strofe gebruik is, aan./<br>Aangesien die passasiers net so uitgelewer aan hul omstandighede as slawe is, is die woord geskik. √<br><br>*"Nee" kan nie as antwoord aangebied word nie.* | 1 |
| 4.5 | Ja<br>Die gebruik van die woorde *ons as slawe*, sluit aan by die werkers en sluit die verliefdes in, wat van busvervoer gebruik maak. √<br><br>OF<br><br>Nee<br>Die spreker gebruik die woord *hul* om na die werkers te verwys en *ons* wanneer hy na die verliefdes verwys./daar is twee groepe in die bus, die verliefdes en die werkers. √ | 1 |
| 4.6 | Die woorde word herhaal om 'n sikliese gang daar te stel./<br>Die woorde beklemtoon dat die werkers nie van hul geroetineerde bestaan/uitsigloosheid kan ontsnap nie./<br>Die herhaling beklemtoon die intense moegheid van die werkers./<br>Die gedig word op dié wyse gesluit./<br>Die gedagte-inhoud van die gedig word tot 'n eenheid gebind./<br>Dit bind die gedig tot 'n eenheid./ √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde aan vir EEN punt elk.* | 2 |
| | | **10** |

**EN**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**
**Swerwer – GP Terblanche**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Die titel, *Swerwer*, dui op slegs een persoon.<br>Die woord *my* in **enkelvoud**/eerste persoon dui daarop dat die spreker alleen reis.<br>Daar is slegs een **weerkaatsing** teen die ruit.<br>Die spreker noem in versreël 12/15 dat ***ek*** voortstu/nêrens hoort nie. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde aan vir EEN punt elk.* | 3 |
| 5.2 | Personifikasie/metafoor √ | 1 |
| 5.3 | Die tema van die gedig is dat die mens die ewige reisiger/swerwer/toeris is wat op soek is na die plek waar hy/sy voel dat hy/sy behoort. √<br><br>Die parentese dui daarop dat die spreker ten spyte van verskillende reise/die lengte/tye van die reis (winter, lente, somer, herfs)/die verskillende vervoermiddele/maniere van reis waarvan die spreker gebruik maak (bus, vliegtuig, boot, trein)/in al die weersomstandighede (reën, sneeu, son, wind) nog nie die plek gevind het waar hy/sy behoort nie. √ | 1<br><br>1 |
| 5.4 | Dat daar altyd *nog een/*'n nuwe aspek is wat ervaar moet word./soeke na vervulling. √ | 1 |
| 5.5 | Die woord is geslaagd.<br>Die woord *stu* sluit by die deursettingsvermoë/dringendheid van die spreker se soektog/moeisame reis aan. √<br><br>*Slegs die motivering verdien die punt.* | 1 |
| 5.6 | Die spreker hoort nêrens nie. √<br><br>Die woord *weer* dui daarop dat die spreker al voorheen tot dieselfde insig gekom het. √ | 1<br><br>1 |
| | | **10** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 6: (LITERÊRE OPSTEL)** ***Die kwart-voor-sewe-lelie*** **– Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **Simbole:** | | |
|---|---|---|
| | I | Iris |
| | M | Ma Els |
| | P | Pa |
| | E | Elsa |
| | K | Kara |

Die kandidate voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

- **Ma Els word beskryf as die nie-tipiese ma, wat nie haar kind verstaan nie/na haar luister nie,** want Els gee nie aandag wanneer Iris aan haar die betekenis van haar naam wil verduidelik nie./Bl. 13: *Dis wat ek bedoel. Sy het my nie gehoor nie.*
- **Els tree anders as die gewone, besorgde ma op**, want sy sien nie die nodigheid om vir Iris te verbied om Riekie, wat vier jaar ouer as Iris is, tydens die eksamentyd te sien, soos wat die ander ouers maak nie./Bl. 19: *Daar was geen ander raad nie. Ek sou Riekie self moes verbied.*
- **Elsa verbreek die stereotipe as sy vir haar 'n bruidsuitset bymekaar maak,** want in die roman noem Iris dat dit nie die gebruik van daardie tyd is om 'n bruidsuitset bymekaar te maak nie../Bl. 21: *Ek het gedag net meisies in die ou boereromans wat ons in standerd agt moes lees, het nog uitset bymekaargemaak, maar Elsa het my verkeerd bewys.*
- **Elsa tree baasspelerig teenoor Hannes op,** terwyl daar van bruide verwag word om hul monde te hou en verlief te lyk./Bl. 21: *"Ek wil nie dat dit gekrap en bemors word deur jou verspotte studentemaats nie." Ek, as blosende strooimeisie, het gewens sy wil stilbly. 'n Bruid moes haar mond hou en verlief lyk, het ek gevoel.*
- **Elsa is 'n onromantiese bruid**, want sy beskou die huweliksnag se opgewondenheid as romantiese drogbeelde./Bl. 24: *"Soos oor enige ander aand, natuurlik. Moeg. Ek is van plan om vroeg te gaan slaap."*
- **Die dogters in die familie verbreek die stereotipering van die tyd oor huwelike en gesinne,** want Iris gee haar maagdelikheid aan Peter sonder om daaroor te dink./Kara is aanvanklik teen moederskap gekant./Bl. 39: *… het ek my verwonder dat ek my maagdelikheid so vinnig, so maklik en ondeurdag aan Peter afgegee het. En dit bloot omdat sy fisionomie en naam my aan iemand anders herinner het.*/Bl. 27: *"Ek is nie 'n broeikas nie. My lyf behoort aan my."*
- **Iris verbreek die algemene siening oor maagdelikheid,** omdat Peter haar aan haar romantiese held laat dink./Bl. 39: *… het ek my verwonder dat ek my maagdelikheid so vinnig, so maklik en ondeurdag aan Peter afgegee het. En dit bloot omdat sy fisionomie en naam my aan iemand anders herinner het.*
- **Iris vebreek die stereotipe wanneer sy nie op die rugbyheld verlief raak nie,** maar wel op die hoof van die debatspan/André Visser./Bv. bl. 10: *Die een god in die besonder het die gesig gehad van André Visser ...*
- **Iris verbreek die stereotipe dat alle jongmense losse sedes het**, want sy gaan nie na dr. Anders se woonstel toe nie./Bl. 69: *"Jy's te jonk en julle sedes is anders."*
- **Iris verbreek die stereotipe deur nie werk wat by haar graad pas, te aanvaar nie,** maar sy werk as tandartsassistent by dr. Anders./Bl. 41: Werk. Waar? By dr. Anders.

- **Els en Pa verbreek die stereotipiese rassisme van die apartheidsjare**, want hulle aanvaar Claude in die familie./Bl. 70: *Ek kon Ma se knieë hoor swik …/Pa het min gesê, maar sy stilte was nie vyandig nie.*
- **Iris se ma en pa het nie die tipiese huwelik gehad nie**, want Pa het alleen na die plaas gegaan toe Elsa nie wou saamgaan nie./Bl. 74: "*Ek gee nie om wat julle sê nie," het Pa beslis. "In Desember trek ek bosveld toe. Dié wat wil bly, kan bly." Ma het gebly.*
- **Iris se pa verbreek die stereotipe van 'n pensioenaris**, want hy pak 'n tweede loopbaan op die plaas aan./Bv. bl. 73: *Ek gaan boer, het hy aangekondig.*
- **Elsa is van mening dat 'n meisie nie agter 'n man behoort aan te loop nie**, daarom is sy van mening dat Iris nie vir Peter in Amerika moet gaan kuier nie./Bl. 85: *Elsa het my voornemende reis afgekeur. … "'n Meisie loop nie agter 'n man aan nie."*
- **Volgens Iris is die reël in hulle huis om dié stereotipiese houding te verbreek**, daarom beplan Iris om teen Elsa se raad in, wel vir Peter in Amerika te gaan kuier./Bl. 86: *"Die reël in hierdie huis is om agter die man aan te vlieg. Twee uit die drie van ons doen dit. Jy's die uitsondering."*
- **Alhoewel die algemene opvatting is dat 'n paar behoort te trou as daar 'n baba op pad is en wanneer mense mekaar lief het**, voel Kara nie dieselfde nie en bly net saam./Bl. 91: "*Ons sal seker," het sy toegegee.*
- **Iris impliseer met haar woorde aan die taxibestuurder dat almal wat van Suid-Afrika kom, rassiste is,** maar sy verbreek die stereotipering omdat Johanna deel van hul gesin is./Bl. 214: *… en so het dit gebeur dat ek en Peter die huis, Polder en Johanna oorgeneem het.*
- **Iris stereotipeer die lewe in New York deur te sê dat mense maklik daar vermoor word**, maar sy is nooit in Amerika bedreig nie./Bl. 95: *"Hoekom sal iemand jou vermoor?" "Ek weet nie, Julle vermoor mense mos maklik in hierdie stad." … "Ek het al baie Amerikaanse televisiereekse gesien."*
- **Alhoewel Iris aanvanklik nie wil trou nie,** trou sy tog met Peter en leef saam met hom in die voorstedelike huis waarin sy opgegroei het./Bl. 214: *"Ek was in die wolke omdat ek die tuin en die kwart-voor-sewe-lelie geërf het …"*

Die kandidate voorsien die opstel van 'n gepaste slot.

**25**

**OF**

**VRAAG 7: (KONTEKSTUELE VRAAG) D*ie kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Sy is in die hospitaal (in Vermont). √<br><br>Die lewe is nie 'n storieboek nie./'n Naam is net 'n naam./'n Mens kan meer as een blomoomblik hê. √<br><br>Die hospitaalbed het haar gedwing om te dink/met die Engel te gesels./<br>Die hospitaalbed het haar dus gedwing om die Engel se vrae te beantwoord.√ | 1<br><br>1<br><br><br>1 |
| 7.2 | Bettie √<br><br>Iris het gedink sy sou Bettie kon red wat moontlik haar blomoomblik kon wees. √ | 1<br><br>1 |
| 7.3 | Haar beheptheid met haar blomoomblik √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.4 | Dienares van Hoëre gode √<br><br>Sy het op ’n ander manier na mense/die lewe gekyk as die normale. √ | 1<br><br>1 |
| 7.5 | Die (Amerikaanse) taxibestuurder √<br><br>Hy het regtig na haar geluister. √ | 1<br><br>1 |
| 7.6 | Sy is reeds by Kara se partytjie genader deur iemand wat foto’s van haar wou neem./ Kara het vir haar gesê haar tipe gesig is daar in aanvraag; dus het sy geweet sy het ’n aantreklike gesig./<br>Iris wou nie model word nie, daarom is dit nie nodig dat sy konflik beleef nie. √ | 1 |
| 7.7 | *Kandidaat verskaf ’n antwoord wat verband hou met die ultimatum, bv.*<br><br>Nee<br>Dit kon Iris se blomoomblik gewees het./’n Modelkontrak kom net een maal in ’n leeftyd. √<br><br>OF<br><br>Ja<br>’n Verhouding is belangriker as ’n modelkontrak./Peter is nie meer jonk nie en wil graag ’n gesin hê. √ | 1 |
| 7.8 | Sy gee nie voor nie./is pretensieloos./is doodgewoon./is lief vir plante. √<br><br>Iris beskryf Ma sodat die leser haar beter kan verstaan./<br>Die verteller gebruik dit om die tema van die boek (blomoomblik van Iris) te regverdig. √<br><br>Albei is verbeeldingryk./albei is dromers. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 7.9 | Elsa verwag van ander om ook perfek te wees. √ | 1 |
| 7.10 | Ma het plaas toe gegaan/Pa gaan versorg, √ maar Iris het gedroom dat Ma nog meer verstrooid sou raak/Johanna haar sou oppas. √<br><br>OF<br><br>Iris het gedink dat Ma sou intellektueel verswak en in die verkeerde bus klim, √ maar Ma het intellektuele stimulering gevind toe sy betrokke by Die Spieël raak. √<br><br>*Daar kan EEN of TWEE punte aan die kandidaat toegeken word.* | 1<br>1 |
| 7.11 | Na Iris se (aanstaande) skoonpa./Peter se pa. √<br><br>Sy noem hom so, omdat hy die Engel nie goedgesind is nie./sy is nie bang vir hom nie. √<br><br>Dit is verstaanbaar, want sy wil ’n goeie verhouding met haar skoonfamilie hê./Dit is verstaanbaar, want sy weet die Engel gaan hulle ontstel./Dit is belaglik, want haar skoonfamilie moet haar aanvaar soos sy is./Dit is belaglik omdat sy self ’n Engel het en nie skroom om van hom te vertel nie. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.12 | In Teks 1 lei die Engel Iris tot die besef dat ons vir ons eie keuses/noodlot verantwoordelik is. √<br><br>Beide kan perspektief gee./<br>Beide kan raad gee./<br>Beide is daar vir hulle. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan.*<br><br>Die motto verwys na die ligtelike opneem van gebeure; dus moet die Engel en Chinees ook ligtelik opgeneem word. √ | 1<br><br><br><br>2<br><br><br><br>1 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 8: (LITERÊRE OPSTEL) *Manaka plek van die horings* – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Simbole:** E Ouma Essie
G Grace
N Nanna

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

- **Ouma Essie is die matriarg onder die Mulambwa-familie** wat haar 'n leiersfiguur in die gemeenskap van Barotseland en in Baas se lewe maak./Bl. 100: *Die naam Mulambwa loop vir baie geslagte al saam met die naam Lewanika, wat die naam van die koningshuis is. Die betekenis van die naam Mulambwa is 'vriend'.*
- **Ouma Essie word as die geestelike leier op Manaka geag**, want sy word die Profeet van die Bybel genoem./Bl. 43: *My ouma Essie is die een wat die mense die Profeet van die Bybel noem.*
- **Ouma Essie speel 'n leidende rol in die gemeenskap**, want sy is die vrou van Joseph Sitali./Bl. 70: *Ek is die vrou van muluti Joseph, die man wat dood is.*
- **Ouma Essie tree as herder** vir die mense op Manaka op, 'n rol wat sy, volgens haar, by Joseph oorgeneem het./Bl. 70: *En die skape wat die Here my gegee het om op te pas.*
- **Ouma Essie voel dat Christelike beginsels nie meer geld nie,** sy eien haar die reg toe om die khuta daaroor aan te spreek./Bl. 167: *… dan is dit tyd dat die mense van hierdie hele stam vra hoekom die vergadering van hierdie khuta nie meer met 'n gebed oopgemaak word nie …*
- **Ouma Essie staan haar man by om die Christelike boodskap te versprei**, want sy help bou aan die kerk op Manaka /Bl. 166: *Waar is daardie huis en daardie kerk wat ek en my muluti Joseph vir ons en vir die Here gebou het nou?*
- **Ouma Essie is nie bang om haarself teen onreg uit te spreek nie**, want sy veroorloof haar om die ngambela (meneer Kebbey) tereg te wys ter wille van regverdigheid, al is sy 'n vrou./Bl. 47: *Jy ken mos niks anders as om mense te verneuk nie.*
- **Ouma Essie tree ondersteunend op** teenoor diegene wat haar ondersteuning benodig, soos wat sy Sitali moes groot maak omdat haar dogter nie kon nie./Bl. 93: *Ek en my ouma Essie sal hom grootmaak. Sy ouma Miriam kan hom nie grootmaak nie. Noudat sy oud word, sukkel sy te veel om met een voet te loop.*

- **Ouma Essie tree ondersteunend teenoor Baas en die sendelinge op**, want sy probeer vrede bewerkstellig tussen Baas en die sendelinge op Manaka./Bl. 118: *Daar is nie nog 'n seekoeipad om met takke toe te slaan teen die krokodille nie. Die ander plekke is ook te skuins," praat ouma Essie, kop agteroor, asof sy nou onder die bril deur beter kan sien.*
- **Ouma Essie se gesag en sin vir geregtigheid veroorsaak dat sy opstaan teen dit wat sy verkeerd ag**, want sy gaan die khuta teë, spreek Baas aan./Bl. 165: *Ouma Essie laat haar nie stilmaak nie.*
- **Ouma Essie kan as die draer van Manaka se geskiedenis beskou word**, want sy ken die geskiedenis van Manaka./Bl. 116: *Dit is wat ek gesien en gehoor het en waaroor ek ook nie kan stilbly nie.*
- **Ouma Essie lei vir Baas tot die aanvaarding van sy geloof**, want hy vra aan haar wat jou 'n Christen maak./Bl. 202: "Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen. Weet jy dit dan nie?"
- **Grace, versorg Baas as hy malaria opdoen**./Bl. 41: *Ek het gehoor dat jy malaria het, meneer Baas.*
- **Grace tree onbaatsugtig/nes 'n verpleegsuster op**, want sy gaan ook saam met Baas na die hospitaal toe hy malaria het om hom met sy versorging by te staan./Bl. 48: *Toe hy wakker word, is sy nog by hom.***Grace probeer die siekes help**, want sy is 'n opgeleide verpleegsuster/gee vir die mense om./Bl. 86: *Dit is die tablette wat ek in die nag saamgevat het Mubyu toe.*
- **Grace tree as tussenganger of tolk tussen die sendelinge en die khuta op**, want sy kan ook Engels praat en Afrikaans verstaan./Bl. 57: *Daar is 'n vrou wat 'n baie goeie tolk vir muluti Krieseltjie sal kan wees. Sy kan Engels praat. Sy verstaan ook Afrikaans …"*
- **Grace speel 'n rol in die oplossing van die konflik tussen Baas en die sendelinge**, want sy besef dat die probleme kan vergroot as hulle stilbly./Bl. 97: *Vandag is nie 'n dag om oor die toekoms te praat en besluite daaroor te neem nie. Maar daar kan nie meer stilgebly word oor die probleme nie. Dit laat dit net meer word.*
- **Grace se een rol is om die sendelinge en vir Baas van die gewoontes van die Lozi's/Barotseland te leer**, want anders doen hulle die naam Makoa gestand./Bl. 98: *'n Man loop voor in die pad, sy vrou agter, want 'n man is die meerdere van 'n vrou,...*
- **Grace speel 'n belangrike rol in Baas se lewe**, want dit is by Grace wat Baas ook 'n antwoord op sy vraag oor godsdiens kry./Bl. 228: *Is dit wat van jou 'n Christen maak?" "Ja. En die weet," antwoord sy. "Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna.*
- **Nanna stel belang in die mense en voel besorg oor hulle**, want sy tree medemenslik op toe sy haar eie slaapsak oor Baas teen die koue gooi./Bl. 83: *Oom Scholtzie dop die nat klere van Baas se lyf af en gooi hom toe onder komberse. Die vrou bring haar slaapsak en gooi dit ook oor.*
- **Nanna respekteer die gebruik van die khuta** om nie aan die bespreking deel te neem nie./Bl. 56: *Die khuta verwag van Nanna om nie aan die besprekings deel te neem nie. Sy verwyl haar tyd deur haar gewig van die een boud na die ander te verplaas …*
- **Nanna het die tradisie van die khuta oortree** deur die vergadering toe te spreek./ Bl. 164: *Die khuta het die twee vrouens wat nie vir die vergadering geroep is nie, probeer wegjaag, maar die stampolisieman kon dit nie regkry om hulle te laat opstaan nie.*
- **Nanna bereik die mense met die wyse waarop sy die Christelike boodskap oordra**, want haar sangdiens is suksesvol in vergelyking met Griesel se bestraffende preek./ Bl. 205: *Aan die einde van sy diens sê Griesel die wat hulle harte vir die Here wil gee en by die kerk wil aansluit, moet opstaan. Die vrouens staan tydsaam op en begin wegstap./* Bl. 205: *Die twee vrouens kom sit weer. Hulle klap vrolik op maat van die wysie hande en sing sonder die woorde. Die volgende Sondag kom hulle weer en bring twee nuwe kerkgangers saam.*
- **Nanna is die eerste persoon met wie Baas sy twyfel oor geloof verwoord,** /Bl. 138: "Wat maak van 'n mens 'n Christen?"
- Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot.

**25**

**OF**

**VRAAG 9: (KONTEKSTUELE VRAAG) *Manaka plek van die horings* – Pieter Pieterse**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Innerlike konflik/Konflik met die natuur √<br><br>Hy is bekommerd dat die water/reënseisoen die boot sal wegneem/beskadig/ hy is te siek om te werk en sonder die boot sou hy nie sy droom kon verwesenlik nie. √<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die konflik noem*. | 1<br><br>1 |
| 9.2 | Die droom sluit aan by sy worsteling oor godsdiens./wat van jou ’n Christen maak.√ | 1 |
| 9.3 | Tibelelo/Die Een wat wag vir haar Besoekers √<br><br>Dit dui daarop dat sy nog ’n maagd/ongetroud is./op ’n huweliksmaat wag. √<br><br>Die welwillendheid wat sy aan Baas betoon tydens sy siekte.<br>Sy wys hom daarop dat genade hulle deur hul probleme sal help, nie diamantsmokkelary nie.<br>Sy beweeg met grasie.<br>Sy betoon genade aan ander. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir een punt elk aan.* | 1<br><br>1<br><br>2 |
| 9.4 | Mnr. Kebbey wou haar teen haar sin as sy vrou gehad het./sy het agter Baas gaan skuil./sy wou nie mnr. Kebbey se vrou word nie./<br>Grace wou hê dat mnr. Kebbey Baas hospitaal toe neem, maar hy weier en dring op betaling aan. √ | 1 |
| 9.5 | Op Manaka/die sendingstasie √ | 1 |
| 9.6 | “Is dit die vrou vir wie hy die malariapille gegee het kort voordat hy siek geword het?” √ | 1 |
| 9.7 | *Leerder se eie mening, bv.*<br><br>Ja<br>Baas wil in beheer wees en sy wil uitvoer./kap horings vas as bewys van sy baasskap./Hy wil beheer oor die sendingstasie neem.<br>Hy was kwaai met Nanna oor die bankies by die worsboom se regmaak. √√<br><br>OF<br><br>Nee<br>Baas is onderdanig en behulpsaam.<br>Hy verduidelik self dat sy naam Baas is; dit is nie ’n titel nie.√√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.8 | Die dood van haar ouers/van Joseph/haar verloofde/mense na aan haar.<br>Die poging tot verkragting/<br>Die konflik wat sy ervaar het toe sy haar werk as verpleegsuster moes laat staan. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE gebeure binne konteks aan.* | 2 |
| 9.9 | Baas is die persoon wat eers verlore was, maar nou sien hy in dat hy wel ’n Christen is./<br>Baas se vraag na wat van jou ’n Christen maak, word op Manaka beantwoord./<br>Baas neem sy sendelingskap op Manaka op waar hy voorheen afsydig teenoor die sendelingskap gestaan het./<br>Baas groei as Christen omdat hy weer bid./<br>Baas besef dat deur te deel, jy jou Christenskap uitleef./<br>Baas se verlorenheid het veroorsaak dat hy nie kon vergewe nie, nou kan hy vergewe.√√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde aan vir EEN punt elk.* | 3 |
| 9.10 | In Zimbabwe word hy as ’n buitelander/onwelkom beskou./Hy was besig met die bosoorlog en dus nie woonagtig op Sable Ranch nie./Na sy ouers se dood het hy soos ’n buitestander gevoel. √<br><br>Op Manaka neem hy nie deel aan die gemeenskapsaktiwiteite nie./Hy wil nie betrokke raak by die mense in die gemeenskap nie./word hy as wit beskou √ | 1<br><br>1 |
| 9.11 | *Leerder se eie mening binne konteks, bv.*<br><br>’n Godsdienstige/gewyde/aanbiddende stemming √<br><br>Dit bring al die mense op Manaka weer onder die worsboom bymekaar./<br>Die mense woon weer die kerk by.√<br><br>Griesel besef hy hoort nie op Manaka nie./<br>Hy kom tot die insig dat hy eerder ’n bakker wil wees. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.12 | Die voëlpaar is, soos Baas en Grace, nooit ver van mekaar af nie. √<br><br>Dit is ’n simbool van ’n moontlike permanente verhouding tussen Baas en Grace. √<br><br>Priscilla en Akwilla was twee mense (bekeerde Jode) wat moes vlug as gevolg van hul godsdiensoortuiginge./Die name kom uit die Bybel. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 10: (LITERÊRE OPSTEL) *Vatmaar* – AHM Scholtz**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

---

| **Simbole:** | S | Settie September |
|---|---|---|
| | B | Mevrou Bosman |
| | T | Tommy Lewis |
| | P | Positiewe gevolge |
| | N | Negatiewe gevolge |

Die kandidaat verskaf ŉ gepaste inleiding.

- **Settie September tree hatig teenoor wit bruinmense op en dink sy is beter,** omdat sy ŉ swart bruinvrou is en met ŉ Kaapse aksent praat./Bl. 125: *… - dié soort wat wit bruinmense haat.*
- **Settie September laat Tant Wonnie aankla van diefstal** en die Vatmaar-gemeenskap draai teen haar**,** want hul wil nie ook besteel word nie./Bl. 126: *Settie, het hulle gesê om haar te troos, om te dink ons het haar altyd gevertrou.*
- **Tydens die beskuldiging van die ringstelery toon Settie geen genade of liefde teenoor Tant Wonnie nie,** want sy stamp haar so rond dat sy haar skoen verloor./ Bl. 125: *Mev. September stamp haar weer in die modder en hou aan skree: Djy's ŉ dief, jou wit baster!*
- **Die Septembers se liefdeloosheid na die hofsaak kom baie duidelik na vore,** want ten spyte daarvan dat Tant Wonnie vir hul geleentheid betaal, drink hulle al haar gemmerbier op/Bl. 189: *Sy het die bottel omtrent halfleeg gedrink en dit toe vir hom gegee*/en gooi die bottel weg./Bl. 190: *Die twee lag weer en toe smyt hy die bottel by die kapkar uit.*
- **Settie September beswadder Tant Wonnie se naam na die hofsaak in Vatmaar,** want sy vertel allerhande onwaarhede wat in die hof gebeur het./Bl. 229: *Djy wiet, ek sê ghelle sy is dangerous en sy het baie sterk toormedisyne.*
- **Settie September se valslike beskuldiging van Tant Wonnie het haar vervreem van Vatmaar se mense,** omdat hulle haar altyd as ŉ dief sou beskou, want hul was nie by die hofverrigtinge nie./Bl. 228: *Maar Wonnie, het jy nie al die mense na haar huis toe sien gaan nie?*
- **Settie September se beskuldiging lei tot die besluit dat Tant Wonnie nie deel wou wees van Vatmaar se God nie**, want sy het God binne in haar ontdek./Bl. 145: *Meester, praat sy binne uit haar hart uit, dankie. Ek weet waar om U te vind.*
- **Die debakel met die Septembers het Tant Wonnie nuwe insig in die liefde gegee,** omdat Tant Wonnie besef het dat liefde goed en sleg kan wees en beide kan opregte liefde wees./Bl. 188: *Dit wys jou net liefde kan goed wees en liefde kan sleg wees en albei kan opregte liefde wees.*
- **Uit die vals beskuldiging van Settie het ook goed gekom,** want Tant Wonnie het nou haar maandelikse pensioen gekry./Bl. 180: *Oh yes, and report to me within seven days if she has been granted a war widow's pension.*
- **Mevrou Bosman tree uiters rassisties en snobisties op,** want sy noem Kennie name./Bl. 249: *Ek weet dit is daai hotnot wat die witmenswerk doen …*/sy laat Kaaitjie by die kerk die kar se deure vir haar oopmaak./Bl. 242: *Die ander drie Sondae moes sy buitekant die kerk wag tot die Bosmans by wie sy gewerk het, uit die diens kom. Dan moes sy die kinders se hande vat asof hulle sal verdwaal. Maar eintlik was dit om die gemeente die Bosmans se status te kan laat sien.*

- **Mevrou Bosman gebruik Kaaitjie net vir haar gerief,** want sy moet die kinders bad, maar mag andersins nie in die huis kom of toelaat dat die kinders hul arms om haar sit nie./Bl. 242: *Daarna moes sy na haar buitekamer terugloop en daar wag tot sy geroep word om haar kos op die vensterbank te kom vat./*Bl. 249*: Hulle ma het nie gehou van die manier waarop hulle hulle arms om Kaaitjie se nek sit en liefderik Kaaitjie sê nie./* Bl. 255: *… , besig om die twee kinders te was. Dit was die enigste tyd dat sy in die huis mag gekom het.*
- **Mevrou Bosman lieg en sê dat sy van Kaaitjie hou,** omdat sy dan dalk makliker die aborsie op Kaatjie kan laat doen./Bl. 255: *Ek hou van jou en ek hoop jy hou van my ook.*
- **Mevrou Bosman tree gewetenloos op,** want sy sê nie vir Kaaitjie dat Kenneth in die hospitaal is nie./sy weerhou Kenneth se boodskap./sy skeur Kenneth se briewe op en verbrand dit./sy laat 'n swanger Kaaitjie arresteer./Bl. 250: *Sy het die brief gevat, dit in twee geskeur en in die stoof gegooi./Ghu, het sy vir haarself gesê, hierdie brief gaan ek lees.*
- **Mev. Bosman se optrede teenoor Kaaitjie het veroorsaak dat sy met die geboorte van haar kind gesterf het,** omdat sy in die tronk harde hande-arbeid moes verrig./ Bl. 267: *Bloedverlies het Kaaitjie se laaste kragte getap.*/Bl. 266: *Kaaitjie het haar dae in die tronk op haar voete deurgebring, behalwe Sondae.*
- Omdat Tommy vir Nellie sê dat as sy vir hom lief is, sal sy Lukas verlei en dan sê hy is die pa van die kind, **daarom raak Nono en haar suster vyande van Nellie**./Bl. 123: *Jy kan aan die skoene wat sy dra sien sy is 'n slegte meisie! Het sy geskree. Ek gaan haar toor.*
- **Nellie verlei vir Lukas om Tommy se guns te wen, daarom moes sy vlug** omdat die mense haar onder die klippe gesteek het/Bl. 123: *Toe gooi hulle my met klippe teen die kop.*
- **Die gevolg van Tommy Lewis se optrede teenoor Nellie is dat haar verhouding met haar pa verswak het,** want hy het haar nie meer as 'n onskuldige meisie gesien nie./ Bl. 124: *Maar daai aand het my ra vir die eerste keer nie vir my gevra om die Bybel te gaan haal nie.*
- **Tommy Lewis beïnvloed Nellie Ndola negatief,** want sy moet jok oor die rooi boek en dan vergoed hy haar met lekkers en klere./Bl. 116: *As daar iemand naby was, moes ek sê Miesies Elsa het my gestuur om dit vir hom te gee.*/oor die herkoms van haar kind./ Bl. 117: *Then you can say that he did it to you.*
- **Tommy jok vir Nellie oor sy liefde vir haar,** want hy wil haar net vir sy plesier gebruik./Bl. 116: *Mense wat mekaar liefhet, het hy gesê is een, nie twee mense nie.*
- **Tommy het vir Nellie, wat hy kwansuis liefhet, verneder en net gebruik,** want hy laat toe dat sy suster haar uit die huis jaag en hy noem haar 'n low-caste./Bl. 116: *Maar vandag het hy gesê ek is a low-caste en sy suster het my uit die huis uitgejaag.*
- **Tommy manipuleer Nellie om sy sin te kry,** want as sy hom toelaat om haar te gebruik, beloof hy 'n verhoging vir haar pa./Bl. 117: ... *lat ek vir altyd syne is en lat hy sal kyk lat my ra nog 'n verhoging kry.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

**25**

**OF**

**VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG *Vatmaar* – AHM Scholtz**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Ta Vuurmaak/Een van die jong seuns van Vatmaar √<br><br>Hy dra die Griekwa-kultuur/stories aan die jonges oor./<br>Hy vertel Vatmaar se stories soos wat dit met hulle bepraat is. √ | 1<br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.2 | Lojaliteit teenoor sy kultuur./Kultuurverknogtheid/Kultuurbewustheid. √ | 1 |
| 11.3 | Ta Vuurmaak het as Griekwa nagmaal gebruik. √ | 1 |
| 11.4 | Die Engelse sendelinge kersten die Griekwas.<br>Die Griekwas word van hul tradisionele godsdiens vervreem.<br>Die Griekwa-kultuur se voortbestaan word nadelig beïnvloed. √√<br>Die Engelse het hulle geleer van steel.<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.5 | Liefde √<br><br>Tant Wonnie √<br><br>Sy kry later 'n oorlogspensioen./kon beter leef./keer vermenigvuldig na haar terug. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.6 | Die treinwawatertenk is by een van die sylyne net gaan haal/gevat. √<br><br>Die titel impliseer om net te vat wat nie aan jou behoort nie. √<br><br>Die aksie om net te vat is geregverdig.<br>Die mense van Vatmaar het alles gedeel./nie die agste gebod geken het nie. √<br><br>OF<br><br>Die aksie om net te vat is nie geregverdig nie.<br>Die mense van Vatmaar is gekersten is, dus behoort hulle te weet dit is verkeerd. √ | 1<br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 11.7 | Toe tant Wonnie in hegtenis geneem is vir kwansuise diefstal, draai almal op die dorp, wat gewoonlik haar deugde besing, teen haar./<br>Toe Hendruk Jannewarie in die moeilikheid was, draai die gemeentelede wat altyd geld by hom geleen het, teen hom. √<br><br>Ek stem saam met die uitspraak, want dit is hoe mense is: net vriende terwyl dit mooiweer is./meng jy jou met die semels vreet die varke jou op. √<br><br>OF<br><br>Ek stem nie met die uitspraak saam nie, want nie alle mense draai teen jou wanneer dinge nie goed gaan met jou nie./jy hoef nie noodwendig te word soos die mense met wie jy saamwerk/meng nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 11.8 | Ma Khumalo/Norman van der Westhuizen/Mariam/oom Flip √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan.*<br><br>Anna Swartz behou haar naam tot haar dood, terwyl die ander se name verander. √<br><br>Liefde oor die kleurgrens heen √ | 2<br><br><br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.9 | Gemengde afkoms √<br><br>Mense van gemengde afkoms was welkom op Vatmaar/almal daar net gevat/aanvaar is. √<br><br>Omdat daar nie meer iets soos apartheid/rasseskeiding is nie, is dit vandag nie meer ’n kwessie nie. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.10 | Sy is skaam oor haar ma se afkoms en hang haar foto daarom nie in die huis nie. √ | 1 |
| 11.11 | Hy het geglo dat ’n leuen in die hof jou vryheid kan beteken. √ | 1 |
| 11.12 | Die persoon by wie Bennie ’n fiets geleen het, het ook ’n behoefte aan vleis gehad. √<br><br>Dus het hy altyd ’n skaapboud met die persoon gedeel. √ | 1<br><br>1 |
| | | **25** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 12: (LITERÊRE OPSTEL) *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Simbole:** S Simbole
B Bestemming

Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding.

- **Map noem dat die tatoeëermerke op die soeke na sy identiteit dui,** want dit is ’n aanduiding van sy lewe./Bl. 31: *Kan jy sien die tattoos, al die merke? (Sy stem raak ’n oomblik weg. Huil hy?) ’it was ’n terrible gesoek seker, vir ’n identity …*
- **Vir Map is die tatoeëermerke belangrik**, want dit dui op sy herkoms./Bl. 31: *Hoe sal jy wiet waarnatoe om te gaan, sê Apostel George ... as jy nie acknowledge waar kom jy vandaan nie?*
- **Map het tatoeëermerke van ’n kaal vrou, ’n kitaar, die vure van die hel en ’n mombakkies** wat ’n aanduiding van sy bendebedrywighede is./Bl. 32: *Sien die tattoos elke gang se merke ...?*
- **Die tatoeëermerke dui op Map se (vorige) lewe as bendelid en -leier,** want hy verwys daarna as die dinge van die verderf/dinge van die hel./Bl. 32: *Ek wiet wat gebeur het, al die dinge van die verderf, al die dinge van die hel ... Maar dis verby ...*
- **Sy tatoeëermerke is sy kaart/getuigskrif van sy lewe**, want dit is al wat hy het om moontlike werkgewers tydens die onderhoude te wys./Bl. 45: *Have you got any testimonials, mister Jacobs, while sy vir jou so kyk lat die tattoos onner jou hemp en polo-neck warm word en brand ... Any testimonials? (Lag.) Ma! Dan wil ek skree en ek wil sê Well, nee, except vir my tattoos nie ...***Vir La Guma is dit jammer dat Map sy lyf ontsier het/by implikasie die bendepad geloop het**, want hy noem dat Map ’n mooi lyf het en dat dit net jammer van die tatoeëermerke is./Bl. 47: *he’s really got a beautiful body ... Sorry about ... the ... tattoos …*
- **La Guma noem dat die tatoeëermerke op Map se desperaatheid dui** wat aan die Kaapse Vlakte gekoppel kan word./Bl. 51: *Allerhande merke, like, to identify himself. Daai’s wat ’n man doen as jy desperate is, in ’n plek soes dié.*
- **Die tatoeëermerke dui op die soeke na iets, na identiteit**, want die Kaapse Vlakte word as ’n *wasteland* beskou./Bl. 51: *’Is soes tattoos, man, dieselde ... You search for something, man. As jy ’n regte mens is, dan wil jy wiet waar jy aan is en waar jy af is, waar jy staan. Understand? Jy moet tog iewers belong, belong! Somewhere moet jy darem iets kan identify moet jou selwers ... en jou selwers same moet iets!*
- **Map hou op om na sy identiteit te soek nadat hy by die bendes aangesluit het en tatoeëermerke gekry het,** want hy het gevoel dat hy nou êrens behoort./Bl. 31: *kan jy die merke sien, al die merke wat ek my laat merk het ... ’Cause ek wil somewhere ge-belong het?*
- **Map se leierseienskappe kan in die tatoeëermerke gelees word,** want in die bendes het Map ’n leier geword wat al die besluite geneem het/toestemming verleen het./Bl. 32: *Maar ek was die leader ... Ek was altyd die leader ...*

- **Die tatoeëermerke impliseer die kaart van Map se lewe,** soos die moord op Ivan Philander./Bl. 34: *Ek swaai hom net van haar af, en ek stiek hom met die mes, en ek stiek hom, en ek stiek hom, en ek stiek hom, en ek stiek hom ...*
- **Die tatoeëermerke is ’n aanduiding van Map se belydenis**, want hy weet na sy bekering watter pad hy nou moet loop./Bl. 31: *So hierso acknowledge ek nou, my Here ... In die teenwoordigheid van my ma en van Apostel George. Lyster jy, my Here …*
- **Map toon berou vir sy dade** en sy lewe neem ’n wending na sy bekering./Bl. 9: *Ek is ’n ge-changede man, ek ... het die Here Jesus gevind hierso, regtig, ek sal nie lieg nie ...*
- **Map toon berou oor sy dade,** want hy vra vergifnis van sy ma./Bl. 35: *So God vergewe my ... en Ma ...*
- **Map se lewe verander in die tronk**, want hy gedra hom so goed dat parool aan hom toegestaan word./Bl. 45: *Ek het twaalf jaar gekry, ek het sewe jaar geserve, ek is hierso nou ’cause ek is yt op parole! Ek het my goed gedra, ek was jammer oor alles ...*
- **Map ontvang vergifnis van die tronkowerhede**, want hy word vrygelaat op die sewende van die maand Desember wat op vergifnis dui/daarop kan dui dat die sewekoppige draak oorwin is./die volmaakte getal sewe dui op Map se vergifnis./Bl. 9: *ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand ...*
- **Map is terug in die gemeenskap, maar hy is nog nie volkome vry nie**, want die gemeenskap is nie van mening dat hy verander het nie./Bl. 58: *Ek het julle mos gesê, hy’s skaars t’rug, of die hele … wêreld hierso is weer gemaak en gebriek! ’Is sy ou stryk ...*
- **Waar Map voorheen nie enige werk wou doen nie (*messenger*), is hy nou bereid om enige werk te doen**, maar die werkgewers gee hom nie ’n kans nie./Bl.46: *’cause jy’s so laag, jy try vir iets wat goed is, maar foei tog! Was in vir moord en soek ’n job!*
- **Map het uiteindelik sy bestemming bereik**, want na Cavernelis se dood kan hy weer sy plek in die gemeenskap soos voorheen inneem./Bl. 62: *Dan wend Map sy oë af en hy hoor – en ons hoor – die saxofoon, soos hy dit gespeel het, voorheen.*

- Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste slot.

**25**

**OF**

**VRAAG 13: (KONTEKSTUELE VRAAG) *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| | | |
| 13.1 | Hy wil nie hê Maud moet twyfel oor hul drome (om van hul omstandighede te ontsnap) nie. √<br><br>Elkeen moet hard werk/geld verdien om ’n bydrae te maak tot hulle droom. √<br><br>Hulle moes a.g.v. Cavernelis se selfmoord op die Kaapse Vlakte bly./Hulle verloor ’n pa. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.2 | Gelatenheid/gelate aanvaarding/moedeloosheid √ | 1 |
| 13.3 | Hy probeer ’n bestaan maak uit die verkoop van juweliersware. √<br><br>Hy is lojaal/soms dislojaal/’n skinderbek/opstoker/bemoeisiek. √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.4 | Dit is geregverdig, want nie een van hulle het 'n werk nie; hulle lê net leeg./hulle is onopgevoed. √<br><br>OF<br><br>Dit is nie geregverdig nie, want hulle wys net die Cavernelisse op dit wat hulle verkeerd doen. √ | 1 |
| 13.5 | *omdat ons wíl uit/deur die venster dopgehou* √<br><br>Maud bly vasgevang in die Kaapse Vlakte./<br>Maud beweeg nooit uit haar woonstel uit nie; dus is sy 'n gevangene. √ | 1<br><br>1 |
| 13.6 | Cavernelis en Maud het nou net vir Cyril en Richie bespreek, maar nou sê Cavernelis dat hulle sake (Cavernelis en Maud s'n) niks met Cyril en Richie te make het nie./<br>Cavernelis noem Cyril en Richie vuilgoed/skuim, maar Blanchie werk wel as 'n prostituut/by die Lonely Hearts.√<br><br>*Albei kante van die saak word vir EEN punt aangebied.* | 1 |
| 13.7 | Maud wil die oordeel van Cyril en Richie se gelag aan Cavernelis oordra./Maud wil die gemeenskap se bespotting van hulle gesin aan Cavernelis oordra./Sy keur (ook) Blanchie se werk by die Lonely Hearts/die witmans wat Blanchie misbruik, af. √<br><br>Ja<br>Cyril en Richie moet Cavernelis daarop wys dat dit wat hy toelaat/aanmoedig, verkeerd is./hulle lewer kommentaar op die gedrag van die witmans wat vroue misbruik.<br><br>OF<br><br>Nee<br>Cyril en Richie behoort nie ander te oordeel nie. √<br><br>Albei oordeel verkeerde optredes/teenoor vroue)/Albei dien as gewete vir die gemeenskap √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.8 | In Teks B is hy kwaad,/maar hy tree nog altyd beskaafd op. √<br>In Teks A wil hy nie met La Guma praat nie/is hy haastig/hy gebruik 'n aanvaarbare verskoning. √<br><br>OF<br><br>In albei tekste praat hy beskaafd, √ al is hy haastig/kwaad. √ | 2 |
| 13.9 | Dit is geslaagd aangesien die Kaaps en Engels by die mense van die Kaapse Vlakte/waar die drama afspeel pas – dit is hoe hulle praat./<br>Daar is mense op die Kaapse Vlakte wat Engels en/of Kaaps praat, daarom is dit 'n goeie weerspieëling van die inwoners. √ | 1 |
| 13.10 | Suinigheid/spaarsaamheid √<br><br>Hy het gespaar/twee werke gehad om geld te kry sodat die gesin uit die Kaapse Vlakte kan verhuis. √<br><br>Cavernelis het deur sy dood van sy omstandighede ontsnap en nie deur sy werk nie./Cavernelis kon deur sy dood ontsnap, maar sy gesin is na sy dood vasgevang, sal nie van die Kaapse Vlakte kan ontsnap nie. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.11 | Die (apartheids-) regering √<br><br>Die uitsetting uit Distrik Ses was om politieke redes wat die mense in armoede/ werkloosheid/misdaad gedompel het. √<br><br>Sy houding is geregverdig.<br>Hierdie mense het geen uitkomkans gehad nie.<br>Alles wat hulle besit het, is ook platgestoot.<br>Hulle hele identiteit is vernietig.<br>La Guma is die een wat hulle bewus van die onreg maak. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1<br><br>2 |
| 13.12 | Simbool van die Groepsgebiedewet/apartheidsregering(se magsmisbruik)/mense wat gedurende apartheid "gebulldoze" is sonder keuse. √<br><br>'n Huurhuis is slegs tydelike verblyf; so het hul slegs tydelik in Distrik Ses gebly./ Mense wat uit hul permanente plekke "gebulldoze" is, is nou huurders in hul nuwe eiendom./dui daarop dat min toegelaat is om hul eie eiendom te besit. √ | 1<br><br>1 |
| | | **25** |

**OF**

## VRAAG 14: (LITERÊRE OPSTEL) *Mis* – Reza de Wet

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Simbole:**

| | |
|---|---|
| Mi | Miem |
| M | Meisie |
| G | Gertie |
| K | Konstabel |

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **Miem is figuurlik blind**, omdat sy nie sien dat haar dominerende geaardheid Meisie van haar wegdwing nie./Bl. 7: *Liggies! Jy weet ek het jou verbied!/*Bl. 14: *Wil mos nie 'n vingerhoed dra nie!*
- **Miem se blindheid word verder weerspieël wanneer sy Meisie bly verwyt omdat sy ongehoorsaam was en uitgeglip het,** so blameer sy haar dat sy verander het/probeer sy Meisie van die sirkus/die bose weghou./Bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!*
- **Miem se engheid/konserwatisme ten opsigte van die sirkus maak haar blind vir Meisie se behoefte om die vryheid van die sirkus (lewe) te ervaar.** Sy glo die sirkus is boos en Meisie mag ook nie na die sirkus gaan nie./Bl. 7: *Liggies! Jy weet ek het jou verbied/*Bl. 7: *Dis 'n euwel!!/*Bl. 24*: Kom weg daar by die venster.*
- **Miem is vals en blind vir haar valse moraliteit**, want sy smeer blatant haar dogter aan 'n vreemdeling af./Bl. 24: *Niks is vir haar te veel moeite nie, dit is mos so, nè, Meisie?/* Bl. 25: *Miskien wil u haar hare voel?*/Bl. 25: *Maar die heupe is tog breed genoeg*.
- **Sy wil kamma niks van die sirkus weet nie**, maar vra gretig daaroor uit./Bl. 11: *Nou vertel ons van die arme skepsels, Gertie*

- **Miem se vrees vir die bose verblind haar vir Konstabel**, want sy laat hom toe in haar huis./Bl. 15: *Kom gerus binne./*Bl. 17*: Kom sit gerus, Konstabel./*Bl. 43: *Sonder u sou ons nie 'n oog kon toemaak nie.*
- **Miem se vrees vir die bose verblind haar vir die boosheid van Konstabel**, want sy smeer haar dogter aan hom af./Bl. 24: *Niks is vir haar te veel moeite nie, dit is mos so, nè, Meisie?*/Bv. bl.25: *Miskien wil u haar hare voel?*/Bl. 25: *Maar die heupe is tog breed genoeg*.
- **Miem erken as gevolg van haar blindheid aan Konstabel dat sy teenwoordigheid gevoelens by haar aanwakker**, omdat sy seksueel gefrustreerd is. Haar man is al vir jare op die solder./Bl. 48: *Ek moet erken, Konstabel … om 'n man hier te sien … dié tyd van die nag … wel … dit maak weer dinge in my wakker.*
- **Miem hoop dat haar man van die solder sal afkom; dit dui egter op haar blindheid**, omdat hy al 7 jaar op die solder is met 'n selfopgelegde gevangenisskap wat hy kan beëindig as hy sou wou./Bl. 40: *As sy trou sal hy afkom.*
- **Miem was blind vir Gertie se skynheiligheid**, want sy het geglo dat sy na die fratse gaan kyk het om haar seëninge te tel./Bv. bl. 11: … *sodat ek my seëninge kan tel.*
- **Gertie hou haar blind vir haar sensuele sy**, omdat sy Miem se guns wil wen./Bl. 9: *Sy het 'n wollerige, groen jas aan en 'n hoed wat skeef oor een oog hang./Begin baie vinnig op een plek trippel terwyl sy haar arms heen en weer swaai.*
- **Gertie se blindheid vir haar eie skynheiligheid kom ook na vore wanneer sy voorgee om die sirkus te haat**, omdat Miem dit van haar verwag en sy alles sal doen om die vriendskap te behou./Bl. 11: *Om nie eers te praat van die fratse nie! (Gril)/*Bl. 11: … *sodat ek my seëninge kan tel.*
- **Gertie se seksuele gefrustreerdheid verblind haar vir Konstabel se boosheid,** want sy probeer alles in haar vermoë om sy aandag te kry./Bl. 23: *Is daar darem iemand spesiaals?*/Bl. 17: *Dis reg. (Trek 'n stoel uit.)*/Bl. 19: *Toe maar, ek sal dit doen./* Bl. 3*: Neem sy arm en lei hom na die stoel./*Bl. 36*: Ek kan u nie sê hoe ek u bewonder nie, Konstabel./*haar bes om seksueel begeerlik voor te kom./Bl. 44: *Ek is ook glad nie te onaardig nie./Net soos ek! Dis al die oefening. Dit hou my fiks!/Ek is die voorste danser in die kontrei.*
- **Gertie is blind vir Miem se dominering**, omdat sy 'n swak selfbeeld het./Bv. bl.9: *Ag nee wat, Gertie! Daar is 'n tyd en plek vir als!/Jy lyk soos 'n verkluimde kuiken.*
- **Meisie is blind vir haar ma/Gertie en die gemeenskap se onnatuurlike vrees vir die bose en euwels**, omdat sy jonk is/Bl. 5: *Die onheil. As vannag tog net verby wil gaan./* Bl. 6*: Die gevaar is oral./*Bl. 7*: Iets … onheiligs. Iets wat ronddwaal … op soek na bevrediging … van onaardse drange./*Bl. 10: *En toe hoor ek 'n uil roep in die tuin. Jy weet wat die ou mense sou gesê het.*
- **Meisie is blind vir die feit dat sy nie as iemand gereken word deur haar ma nie**, want sy aanvaar die benaming "Meisie" geredelik al is haar naam Margareta./ Bl. 27: *Meisie. (Vinnig) Maar dis nie my regte naam nie.*
- **Meisie vertrou Konstabel blindelings**, omdat sy 'n behoefte aan vryheid en iets avontuurliks het en begaan so 'n oordeelsfout/Bl. 28: *Nou goed, ek sal vir u vertel ...*/ Bl. 51: … haal sy haar hande van haar ore af en laat haar arms sak./aan aandag en vriendskap het./Bl. 26: *Ek is nie gewoond aan mense nie./*Bl. 38*: En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie.*
- **Konstabel se sogenaamde blindheid bring mee dat hy die drie dames met sy verskerpte reuksintuig kan manipuleer,** omdat hy elkeen se ouderdom en huwelikstatus korrek skat./Bl. 16: *Ja … nou laat ek sien … laat middeljare. Getroud en kinders gebaar./Middeljarig. Ongetroud./Jong meisie. Ongetroud.*
- Omdat hy besonder gevoelig/sensitief is vir menslike swakhede, **buit hy dit uit en bekom sodoende inligting en wen vertroue./**Bl. 26: *Ek weet nie. Ek dink dis oor die mis./* Bl. 27*: eers was my hande sag. En nou, eelte op al my vingerpunte!/*Bl. 27*: Niemand het my nog so genoem nie./Bl.28 : Maar jy kan tog vir my sê. Net een keer. Ek is 'n vreemdeling. En blind.*

- **Miem laat hom saam met Meisie na buite gaan,** omdat hy skadeloos is as gevolg van sy blindheid. So kan hul hul planne smee./Bl. 39: *Dit is gaaf van u, Konstabel.*
- **Konstabel wat blind is, kom beskerm kwansuis die dames, maar eintlik kom manipuleer hy elkeen**, want so kan hy elkeen bevry./Bl. 44: *Sal u my asseblief tog so 'n ietsie van hierdie tant Hannie vertel?/*Bl. 18: *Ek word gebruik vir … spesiale gevalle.*
- **Konstabel noem dat die vroue blind is**, want hulle sien nie die feite raak nie/kyk gegewens mis/sien by implikasie nie sy boosheid raak nie./Bl. 21: *Ek hoop nie u neem aanstoot nie, maar dit val my op dat u u miskien blind staar teen die feite.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

**25**

**OF**

**VRAAG 15: (KONTEKSTUELE VRAAG) *Mis* – Reza de Wet**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Dit sal die ouers se verdiende loon wees (as een van hul dogters dié aand die slagoffer is)./Miem verwys na hulle as die "ligsinniges". √<br><br>Die vroue is bang dat nog 'n meisie sal wegraak./Hulle is op hul hoede vir dreigende gevaar./Hulle laat toe dat die konstabel inkom om hulle te beskerm. √ | 1<br><br>1 |
| 15.2 | Miem wou nie hê dat Meisie moet hoor wat sy met die konstabel oor die vermiste meisies praat nie. √<br><br>Dit is ironies omdat sy juis op 'n nag waarin hul veiligheid, en veral dié van Meisie, bedreig word, alleen buite toe moet gaan./Meisie nie die sirkusmusiek mag hoor nie, maar wanneer sy buite is, hoor sy die musiek duidelik./Dit is ironies dat Meisie nie van die kaalvoete en aannemingsrok gehoor het nie, toe Konstabel daarvoor vra, was Meisie onkundig oor die rede daarvan. √<br><br>Miem versuim haar ouerlike plig om Meisie volledig in te lig oor die omstandighede rondom die meisies se verdwyning(aannemingsrok en kaal voete).√ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.3.1 | Sakke (met mis)√ | 1 |
| 15.3.2 | Die mis dui op die mistroostigheid van Meisie se bestaan. √<br><br>Dit dui op haar begeerte om uit haar omstandighede bevry te word. √ | 1<br><br>1 |
| 15.4. | Die vroue vermoed 'n verband tussen die verdwyning van die twee meisies./<br>Hulle is nader aan die waarheid as die res wat nie onraad gemerk het nie./<br>Hy is gretig/bang om te hoor hoeveel hulle van die misdaad weet. √√<br><br>*Die kandidate bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.*<br><br>Daar is nou 'n aanduiding dat iemand op Konstabel se spoor is./Die moontlikheid van nog 'n verdwyning raak groter. √ | 2<br><br>1 |
| 15.5 | Dit is die datum waarop twee meisies die vorige jare verdwyn het.<br>Dit is ook die tyd wat die sirkus die dorp besoek.<br>(In Augustus 1934 het) Sannie Koen verdwyn.<br>(In Augustus 1935 het) Rienie Pieterse verdwyn. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.6 | Onheilspellend/Spookagtigheid/Afwagting √ | 1 |
| 15.7 | Die bedompige huis met sy dowwe lig wat Meisie gevange hou √ kontrasteer met die magiese sirkusruimte met sy helder liggies wat bevryding bied√.<br><br>Die huis se vensters was oop, want dit was bedompig/warm. √<br><br>Meisie het op ’n vorige keer deur die venster geklim om skelm na die sirkus te gaan, Miem vrees dat sy dit weer sal doen./<br>Die vensters is toe sodat hulle binne die huis nie die sirkusmusiek kan hoor nie./Miem dit as boos beskou.<br>Die vensters was toe om die reuk van die mis weg te hou. √ | 1<br>1<br><br>1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.8 | Ontvlugting/vryheid (bevryding) √ | 1 |
| 15.9 | *Leerder se eie mening, bv*.<br>Ja<br>Sy word van haar (wrede) ma bevry wat haar gevange hou./<br>Sy kry die geleentheid om saam met die konstabel wat haar Prins is, te ontvlug na ’n beter lewe. √<br><br>OF<br><br>Nee<br>Meisie se einde is ’n nagmerrie omdat die konstabel ook van haar gaan ontslae raak soos met die ander twee meisies en sy dus steeds gevange is, net in ander ’n situasie. /<br>Sy kan dalk nou in hagliker omstandighede saam met die onbekende konstabel woon. √ | 1 |
| 15.10 | In Teks A het dit ’n negatiewe gevolg, want die meisies wat kaalvoet loop, verdwyn √ terwyl Meisie in Teks B haar opgewonde kaalvoet na die sirkus haas/oor dorings loop en niks oorkom as sy die sirkus (bose) besoek nie. √<br><br>Dit verwys na Meisie se (kaalvoetdans) uiteindelike verdwyning. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.11 | Die slot sluit by die onheilspellende stemming van die drama aan.<br><br>Meisie word ontvoer deur Konstabel wat moontlik die ander meisies vermoor het. √<br>Dit is onbekend waarin Meisie haar nou gaan bevind. √<br><br>OF<br><br>Die slot pas nie by die onheilspellende stemming van die drama nie.<br>Meisie word nou bevry. √<br>Meisie het die moontlikheid op ’n beter toekoms. √ | 1<br>1 |
| | | **25** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 6–7 | 5 | 4 | 3 | 0–2 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>7 PUNTE | **-Diepgaande interpretasie van onderwerp**<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | **-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer**<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | **-Redelike interpretasie van die onderwerp.**<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | **-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp**<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | **-Geen begrip van die onderwerp nie**<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 3 | 2 | 1 | 1 | 0 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>3 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argument kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 9–10 | 7 | 5 | 4 | 0–2 |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITÊRÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou